VERJAARSDAE : 11 TOT 17 JANUARIE 2009

01/11	JEAN	DE VILLIERS	DIANASTR 37	Blok 4
01/11	IZZANE	LINSTRÖM	SELBORNELN 271	Blok 4
01/12	PHILIP	BLIGNAUT	HANS STRIJDOMLN 199	Blok 2
01/14	MICHIEL	VAN NIEKERK	TUGELASTR 114	Blok 4
01/15	JAN	VENTER	DF MALANLN 211A	Blok 2
01/15	JOHAN	GERBER	DF MALANLN 133	Blok 3
01/16	CHRISTIAAN	GREYLING	HANS STRIJDOMLN 292A	Blok 1
01/17	BIEBSA	MURPHY	DF MALANLN 243A	Blok 1
01/17	NICCA	BURGER	HORTULUS WS 2	Blok 1

HUWELIKHERDENKINGS : 11 TOT 17 JANUARIE

SONDAG, 11 JANUARIE

WILLIE EN POPPIE STEARS	AZALEA WS 3	Blok 1

MAANDAG, 12 JANUARIE

JOHAN EN HELEEN NEL	HANS STRIJDOMLN 51	Blok 1

SATERDAG, 17 JANUARIE

WYNAND EN BETSIE DEYSEL	ERIKA WS 4	Blok 1

Hartlik geluk aan u almal. 'n Spesiale gelukwense aan Johan en Heleen Nel, Hans Strijdomln 52 met hulle 52ste huweliksherdenking.

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 11 Januarie 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 11 JANUARIE

Eerste Sondag ná Epifanie

09:00 Erediens: Prof Christina Landman
14:30 Belydenisklas keer terug van kamp

MAANDAG 12 JANUARIE

19:00 Droomspanbyeekoms

WOENSDAG, 14 JANUARIE

Skole heropen

Inbetaling diakonie
19:00 Getuienisaksievergadering

DONDERDAG, 15 JANUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 18 JANUARIE

Tweede Sondag ná Epifanie

Deurkollekte : Jeug

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens: Freddie Schoeman
18:45 Kategese/Kuier
19:30 Speel/Kuier

DINSDAG, 20 JANUARIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 21 JANUARIE

17:00 Biduur

DONDERDAG, 22 JANUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 23 JANUARIE

06:00-06:30 Stiltediens
18:00-22:00 OppiKoffie (Jeug)

SATERDAG, 24 JANUARIE

08:00 Woordwyser Bybelskool

SONDAG, 25 JANUARIE

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens: Freddie Schoeman (Voorbereiding)
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Kuier
19:30 Speel/Kuier

NUWE INTREKKERS

Ons wil graag nuwe intrekkers ontmoet. Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat Dinsdag 'n operasie ondergaan het. Hy sal DV volgende jaar Junie/Julie 'n nieroorplanting ondergaan. (Blok 2)
2. Tania en Willie Neu, Krugerl 250 met Tania se moeder wat tans ernstig siek is. (Blok 1)
3. Johan en Hester Gerber, DF Malanl 133 wat albei tuis herstel na operasies (Blok 3)
4. Frances Luyt , Smutsln 116(a) wat herstel na 'n oogoperasie(Blok 2)
5. Oom Ernie Müller, DF Malanln 113 wat tans sukkel met sy gesondheid (Blok 3)
6. Hendrik Briedenhann ,Moltenoweg 2 wat ook sukkel met sy gesondheid (Blok 2)
7. Anna Siepker, Van Riebeeckln 41 wat tans in die hospitaal is vir 'n heupoperasie (Blok 4)

WEEK VAN GEBED

26-29 Januarie 2009

Kerkgebou sal elk-een van die dae beskikbaar wees vanaf 18:00-20:00.

Kom en gaan volgens behoefte.

Kom bid saam vir jouself, jou gesin en familie, jou gemeente en jou land en alles wat die Here op jou hart plaas vir 2009. Leraar sal ook beskikbaar wees om saam met jou te bid indien verlang.

GEMEENTEKONFERENSIE

Eerskomende Saterdag 17 Januarie 2009

Alle gemeentelede welkom!

Kom dink saam, droom saam, praat saam, kuier saam, braai saam.

Ons praat oor die gemeente se funksionering en toekoms

Bring saam: gemaklike stoele, piekniekmandjie met eetgerei, 'n bord eetgoed vir 'n "Bring en deel" , eie vleis en drinkgoed, swemklere. Daar sal wees: pap en sous en slaai.

Reëlings: ons vertrek 06:00 van die kerk en keer terug ná braai laatmiddag.

Kontak Johan Bauer 0833053768 as jy wil saamgaan

WOORDWYSER BYBELSKOOL

Kom ontdek die diep en ryk inhoud van die Bybel op 'n verrassend nuwe manier!

Agt geleenthede deur die loop van die jaar (sien gemeenteprogram)

Eerste geleentheid: 24 Januarie 2009
08:00—12:00 In die gemeentesentrum

Tema: Hoe hoor ons God se stem wanneer ons die Woord lees?

Die Bybel is God se Woord. Hy wil graag met ons deur sy Woord praat. Dit is een van die maniere waarop Hy met ons wil kommunikeer. Maar hoe kan ons onsself instel om God se stem te hoor wanneer ons die Bybel lees? Hoe weet ons dat ons nie maar net ons eie gedagtes inlees nie?

Koste: R50 (sluit kursusmateriaal in)

Om in te skryf kontak Freddie Schoeman 0845818139, vul 'n terugvoervorm in (in die banke) of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

STILTEDIENSTE

Kom ons word elke Vrydagoggend 06:00—06:30 saam stil voor die Here …

'n Stiltediens verloop so:

- Mense kom kerkgebou in stilte binne
- Lied wat stem tot nadenke
- Skriflesing(s)
- Stilte
- Slotlied
- Mense verlaat kerkgebou in stilte

Stiltedienste is 'n geleentheid om nabyheid van die Here te ervaar en sy kalmte en rustigheid deel van jou lewe te maak.

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNA-VAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTE-KAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

Word deel van die DROOMSPAN!!

Alle gemeentelede is welkom om deel te wees van die droom-span. Dit is die span wat help om God se droom vir ons ge-meente waar te maak, naamlik *'n gemeente van dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader*, dus 'n gemeente …

… waar elkeen besig is om God se liefde vir hulle te ontdek,

… waar elkeen besig is om hulle geloofsfamilie te ontdek

… waar elkeen besig is om naby aan God te leef

.,.. waar elkeen besig is om hulle potensiaal te ontdek

… waar elkeen besig is om le-wensroeping te vervul.

Word deel van 'n aktiewe, di-namiese span mense wat be-sig is om dinge te laat gebeur!

Eerste byeenkoms van 2009: Maandag 12 Jan 19:00 in die gemeentesentrum. Daag net op as jy wil deel wees!

NG LYTTELTON-OOS 2009 JAARTEMA:

Leef naby aan die Here

Wat gebeur wanneer jy naby aan die Here leef?

- Jy beleef sy teenwoordigheid elke dag
- Jy ontdek sy wil vir jou lewe
- Jy ervaar sy hulp en bystand in tye van nood

Hoe leef ek naby aan die Here? Deur 'n *luisterhouding* in te neem.
Ons luister na God ….

DEUR NA SY **WOORD** TE LUISTER
(Eerste kwartaaltema)

Sondag 25 Januarie—22 Februarie

DEUR NA **MEDE-GELOWIGES** TE LUISTER
(Tweede kwartaaltema)

Sondag 17 Mei—14 Junie

DEUR NA **ANDER** TE LUISTER
(Derde kwartaaltema)

Sondag 16 Augustus—13 September

DEUR NA DIE **GEES** TE LUISTER
(Vierde kwartaaltema)

Sondag 18 Oktober—15 November

Boodskappe maak sterk gebruik van die dagstukkies in die Woordwyser dag-tot-dag Bybelleesprogam. Bekom 'n kopie by die inligtingtoonbank @ R90 stuk.

WEN MET MENSE

'n Twee-dag seminaar om jou te help om jouself te verstaan en ander emosioneel by te staan.

- **Leer jouself verstaan**: Wie is jy en hoekom tree jy op soos jy optree?
- **Leer ander verstaan**: Hoekom maak ander mense soos hulle maak en hoe kan ons hulle beter verstaan en goeie verhoudings met hulle handhaaf?
- **Leer hoe om ander by te staan**: Wat sê ek en hoe tree ek op wanneer ander in nood is my hulp en bystand nodig het?

Dag een:	***Dag twee:***
31 Januarie 2009	*7 Februarie 2009*
08:00—16:30	*08:00—16:30*
(Koste: R180)	*(Koste: R100)*

[Nota: Dit is moontlik om dag een by te woon sonder om dag twee by te woon, maar dag twee bou op dag een kan dus nie sonder dag een bygewoon word nie.]

Om in te skryf: Skakel Hannelie du Preez (0829089656) of Freddie Schoeman (0845818139) of stuur 'n e-pos aan lyttoos@mweb.co.za

ONS IS OP SOEK NA:

Klimrame waarop gemeentekinders op die kerkterrein kan speel

As jou kinders dit nie meer gebruik nie, wil jy dit nie oorweeg om dit aan die gemeente te skenk nie?

Ons sal dit restoureer en verf indien nodig.

Kontak: Freddie Schoeman 0845818139

MATLALA SENDING

INLEIDING

Ons gemeente is reeds sedert die ontstaan van die gemeente betrokke by die sending in Lebowa. Ds Jordaan, emeritus-leraar, was die laaste Sendeling aldaar. Hy is op die ouderdom van 73 jaar steeds daar bedrywig. Die volgende uittreksel kom uit sy Gebedsbrief aan ons gemeente gerig.

GEBEDSBRIEF NOMMER 41

Op 6 en 7 Desember 2008 het ons die hulpverleningswerk by Lepelle VGK Gemeente vir die jaar afgesluit. Altesaam 17 keer het ek hierdie jaar tussen Pretoria en Matlala gery. Elf wyke is met Woord- en Nagmaal bedien. Elk van hierdie wyke het vier keer hierdie jaar Nagmaal gevier. Twee bejaarde mans, albei reeds oor die tagtig het belydenis van geloof afgelê en vir die eerste keer in hulle lewe saam met die gemeente Nagmaal gevier.

Ons het gedurende die jaar ook restourasiewerk by sommige kerkgeboue gedoen. Ons kon slegs naweke werk. Die kerkgebou by Masehlaneng (Koringkoppies) is binne en buite gepleister en geverf.

Aksie Arbeiders vir die Oes was ook vir tien dae in Junie betrokke by Matlala Hospitaal met siekebesoek, kinder-evangelisasie, huisbesoek en dissipelskap-kursusse. Elke aand het hulle ’n opelug-filmdiens gehou. Hulle het ook gehelp met die restourasie van sommige van die sendinggeboue van Matlala.

Ons vra voorbidding vir 2009 uitreikaksies. Bid vir beskerming en samewerking van die Kerkraad van Lepelle asook geestelike seëninge vir die mense van die gebied. Bid vir elke wyksgemeente om geestelik te groei en waarlik Kerk van Christus te wees.

ONS SKOP AF!

Volgende Sondag begin die gemeente weer volstoom aan die gang kom na ‘n rustige fees– en vakansietyd. Neem kennis van die volgende aktiwiteite:

KINDERBEDIENING
Sondag 09:00

Kinderkerk elke Sondag tydens erediens (kinders woon eerste gedeelte van erediens by waarna hulle na die saal gaan vir kinderkerk en kategese.) Ons skop af met ’n piekniek vir ouers en kinders na die diens. *Ons kinderbediening kry hierdie jaar ’n nuwe baadjie! Hou hierdie spasie dop.*

AANDIENS
Sondae 18:00

Ons aanddienste is informeel met lofprysing en aanbidding. Kom soos jy is en kom dien die Here met jou lofoffers.

TIENERBEDIENING
Kategese: Sondae na aanddiens
Vrydae 18:00—22:00: OPPI-KOFFIE!!

Oppikoffie is die plek om te wees Vrydagaande as jy jonk en energiek is—vind uit waar dit is!